DIE BYBEL
in 'n neutedop

Job

—deur Peter Hammond

***"Die Here het die laaste deel van Job se lewe voorspoediger gemaak as die eerste..."* Job 42:12-16**

Die boek Job is een van die oudste Bybelboeke. Dit is 'n dramatiese gedig, een van die groot literêre meesterstukke. Job is in vorm sowel as inhoud uniek. Die boek lig die sluier en gee ons 'n blik op die dinamika van die geestelike oorlog wat dikwels agter ons beproewinge hier op aarde woed.

Hierdie antieke boek bied 'n unieke insig in die geestelike oorlogvoering wat rondom menswees woed. Job is die sentrale karakter. Hy word beskryf as die belangrikste en rykste man in die Ooste; 'n man wat die kwaad vermy het en vroom en Godvresend was in God se oë. Tog het hy groot materiële verliese gely, is aan liggaamlike kwale en sielskwellinge onderwerp en het tragedie in sy familie, huweliksonenigheid en die ergste droefheid denkbaar beleef.

Deur sy lewe wat op aarde uitspeel, verteenwoordig Job 'n dialoog wat in die Hemel gevoer word. Die engele verskyn voor die Here, dit sluit die gevalle engel, satan, ook in. Hy wat rondloop op soek na iemand wat hy kan verslind. God nooi satan uit om van Sy dienskneg, Job, kennis te neem; 'n uitsonderlike man, vroom en opreg, Godvresend en iemand wat die kwaad vermy.

Die uitdaging

Die satan verklaar dat Job God slegs dien vir die beskerming en voorsiening wat Hy van God ontvang. *"Dit is nie sonder rede dat Job U dien nie! U beskerm hom dan, en sy huis en al sy goed… Maar raak nou net aan sy besittings en kyk of hy U nie in u gesig vervloek nie."* Job 1:9-11. 'Satan' beteken 'aanklaer'. God aanvaar die uitdaging en laat die satan toe om Job te toets. Hiermee begin Job se beproewing.



Getrouheid en toewyding

Job het sy getrouheid en toewyding aan God bewys. Hy het God nie net vir Sy beskerming, voorspoed en voorsiening gedien nie. Job het ten spyte van al sy smarte God gedien vir Wie Hy is. Sommige het opgemerk dat die enigste verlies wat Job nie gely het nie, sy vrou was. Ander wys weer daarop dat sy inderwaarheid tot sy smarte bygedra het: *"En sy vrou het vir hom gesê: 'Bly jy nog steeds vroom? Vervloek God en sterf!'"* Job 2:9. Party eggenotes is eerder 'n vloek as 'n seën vir hulle lewensmaats. Job se vrou het satan se doelwit nie bedreig nie en was geensins 'n aanwins vir God se koninkryk nie.



Vernietigende verlies

Binne die bestek van een dag is al Job se aardse besittings vernietig of gesteel en is sy geliefde kinders – sy sewe seuns en drie dogters – almal dood. Job het opgestaan, met groot verdriet sy mantel geskeur en sy hoof in roubetoon kaal geskeer.

Hy het op die grond neergeval en God aanbid: "*Sonder iets het ek in die wêreld ingekom, en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here.*" Job 1:21. Afgesien van alles het Job nie gesondig of God verwyt nie (Job 1:22).

'n Ommekeer

Binne die bestek van 'n paar uur het Job, die rykste en voorspoedigste man, die tragiesste man geword. Hy het van welvaart in armoede verval. God het Sy seën van hom weerhou. Die beskerming wat hy geniet het, is teruggetrek. Tog kon Job verklaar dat hy die wêreld met niks binnegekom het nie en dat hy die wêreld met niks sou verlaat nie. Die Here het gegee en die Here het geneem. Mag die Naam van die Here geprys word.

Verlies van aansien

Toe kom die vierde beproewing, die verlies van sy goeie naam. Sy vriende wou hom troos en het die tradisionele beskouings oor lyding gelug: Goeie mense word nie deur God gestraf nie, net slegte mense. Boosdoeners se sondes sal hulle inhaal, al lyk dit vir 'n gesin en sy gesondheid, het Job steeds verklaar: "*As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?*" Job2:10.

Die boek lig die sluier en gee ons 'n blik op die dinamika van die geestelike oorlog wat dikwels agter ons beproewinge hier op aarde woed.

Job se standvastigheid

Die tweede hoofstuk van die boek Job begin in die Hemel met nog 'n verskyning van die engele voor God. Satan kom weer te staan voor die ongeëwenaarde getuienis van Job. Satan antwoord die Here: "*Maar raak nou net aan sy liggaam en kyk of hy U dan nie in U gesig vervloek nie.*" Job 2:5.

Verlies van gesondheid

Job is met 'n vreeslike kwaal getref: swere van kop tot tone. Hy het op die ashoop gesit.

Selfs nadat hy die swaarste slae denkbaar verduur het: die verlies van eiendom, sy kort rukkie asof hulle voorspoedig is.

Aan die begin is Job se troosters beleefd en het hom aangemoedig om sterk te wees en op God te vertrou. Hulle het volgehou dat God nie toelaat dat die onskuldige vergaan nie. Hulle het Job gemaan om nie aanspraak daarop te maak dat hy in die oë van God regverdig is nie. As hy net nederig sou wees en sy sondes erken, sou dit weer goed met hom gaan.

Job se troosters

Omdat Job egter volhou om sy onskuld te bepleit, het sy drie vriende driftig begin re- »

DIE BYBEL
in 'n neutedop
Job

deneer en Job van onwaardigheid beskuldig. Waar daar sulke groot lyding is, moet daar groot sonde teenwoordig wees. Job moes vroeër skynheilig gewees het met sy geveinsde vroomheid en met sy bewerings van onskuld wat hy nou maak.

Hy moes sonder regverdiging goedere in pand van sy broers geneem het. Hy moes die klere van dié wat niks het nie, van hulle afgestroop het; vir dié wat uitgeput was, nie water gegee nie; brood van die hongerige weerhou het; weduwees met leë hande weggestuur het, die wese sonder heenkome gelaat het.

Dit moes wees omdat hy 'n groot sondaar is dat al hierdie oordele oor hom gekom het. Job het al hierdie aanklagtes verontwaardig ontken. Hy het verklaar: as hy aan enige van die aanklagtes skuldig was, as hy in hoogmoed gewandel het, as hy die weduwee laat vergaan het, as hy selfsugtig sy kos alleen opgeëet het, as hy 'n arme sonder klere sien omkom het, of sy vertroue in goud geplaas het, sou hy kon verstaan waarom hy so gely het. Hy het gehunker na regverdiging.

Ondanks die onversetlike rampspoed verklaar Job: "Ek weet dat my Verlosser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer... ek [sal] nog lewe en God sien."

Regverdiging deur geloof

Bildad vra die vraag: "*Hoe sou dan 'n mens regverdig wees by God?*" Job 25:4. Job is 'n antieke voorbeeld van iemand wat deur die geloof lewe. Ondanks die onversetlike rampspoed en om omring te wees met wat hy "*hopelose troosters*" en "*kwaksalwers*" noem, verklaar Job: "*Ek weet dat my Verlosser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer… ek [sal] nog lewe en God sien.*"

Job het uitgesien daarna dat reg geskied. Sy vriende se aanname dat hy skuldig is, het hom wanhopig gelaat. Job het God aangeroep om hom te antwoord.

Job antwoord God

"Daarna het Job vir die Here gesê: 'Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit... Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: U wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie... tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou in sak en as." Job 42:1-6.

God wys Job se vriende tereg

Die Here het Job se raadgewers tereggewys: *" Ek is kwaad vir jou en jou twee vriende, want julle het nie die waarheid oor My gepraat soos My dienaar Job nie."* Job 42:7.

As ons so min van God se weë in die natuur weet en as Sy skepping dikwels ons beperkte insig te bowe gaan, behoort ons nie verbaas te wees dat daar geheimenisse van die Voorsienigheid is wat ons nie kan verstaan nie. Job se vriende word tereggewys omdat hulle aangeneem het dat sy lyding die gevolg van sy persoonlike sonde is. Job se geloof en vertroue word geregverdig.

Soos Job gesê het: "*Kyk, al wil Hy my ombring – ek hoop op Hom.*" Job het in geloof verklaar: "*Hy ken my pad; as Hy my toets, is ek suiwer soos goud.*" En hy was. "*Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié* wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is." Rom 8:28. God ken ons lyding. Hy beperk ons beproewinge. Ons verstaan nie altyd God se wil nie, maar ons kan Hom vertrou. God sal uiteindelik getrouheid beloon en boosheid straf. "*Om die Here te dien, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig.*" Job 28:28. Die boek Job sluit af met die regverdiging van Job: "*Die Here het die laaste deel van Job se lewe voorspoediger gemaak as die eerste...*" Job 42:12-16.

"Hy ken my pad; as Hy my toets, is ek suiwer soos goud."
Job 23:10

Die boek Job bied ontsaglike vertroosting aan dié wat ly. God het Job as 'n vroom, Godvresende man beskryf wat die kwaad vermy het.

Interessante wetenskaplike insigte in die boek Job

1. Die aarde "*hang*" in die hemelruim. "*Hy laat die aarde hang waar niks is nie.*" Job 26:7.
2. Daar is fonteine in die oseane (Job 38:16).
3. Lig kan geskei word (Job 38:24). Skaars vier eeue gelede het sir Isaac Newton ontdek dat wit lig in sewe kleure geskei kan word – Die Bybel het dit bykans 4 000 jaar gelede al onthul!
4. Die hidrologiese siklus (Job 36:27-28). God "*trek waterdruppels af; hulle sif neer by Sy mistige weer as reën wat die wolke laat neerstroom, laat afdrup op baie mense.*" (verdamping, kondensasie en neerslag).
5. Die heelal is besig om uit te dy (Job 9:8).
6. Lig beweeg in 'n baan (Job 38:19).
7. Lug het gewig (Job 28:25).
8. Lig kan in klank omskep en waargeneem word (Job 38:35).
9. Lewe bestaan uit meer as materie en energie (Job 12:7-10).
10. Dinosourusse word in Job 40:10-19 beskryf. ■

PETER HAMMOND *is 'n sendeling, Bybelleraar en outeur. Vir meer inligting: Skakel: 021 689 4480; www.frontline.org.za; mission@frontline.org.za*

God praat met Job

"Toe het die Here vir Job aangespreek uit 'n stormwind uit: 'Wie is dit wat besig is om my bedoelinge te dwarsboom met woorde wat getuig dat hy geen insig het nie?...Waar was jy toe Ek die aarde se fondamente gelê het?...Wie het die aarde afgemeet?...Het jy, Job, in jou tyd die môre beveel om te kom?...Het jy, Job, al gekom by die plek waar die seewater uitborrel...Het jy die ingang van die doderyk gesien...Kan jy 'n beeld vorm van die groot wye wêreld?...Waar is tog die weg na die plek waar die lig gedeel word...Kan jy weerligstrale uitstuur...? Wie gee verstand...? Is dit deur jou insig dat 'n valk vlieg...? Is dit op jou bevel dat 'n aasvoël hoog opvlieg...?'" (Job 38 en 39).

PLAN YOUR DREAM TRIP!
with JOY! Magazine

SPACE IS LIMITED! BOOK NOW!
JOY!

Europe Cruise
08 - 18 May 2015

- Join our majestic cruise to Europe, where you will visit romantic Venice in Italy, Dubrovnik in Croatia enchanting Istanbul in Turkey and Katalon in Greece
- Cruise in luxury on MSC Magnifica
- 1 night stay in Venice in 4 star hotel
- 4 meals a day on the ship
- R5000 deposit pp due upon booking; balance due in January 2015

Greece & Turkey
Trace Paul's Ministry!

- See the areas of the New Testament in August 2015
- Enjoy a Cruise and Christian tour as you visit Ephesus, Patmos, Athens, Ancient Corinth, Mykonos, Santorini, Istanbul and more!
- R5000 deposit upon booking; balance due May 2015

Israel & Egypt
Biblical pilgrimmage

- Join our amazing tour to the Holy Land
- See the pyramids in Cairo, and all the top BIblical sites in Israel!
- Tour in October 2015; limited space!

jackie@joymag.co.za
021 852 4061

with musician Andre Rieu